**Onderwys en Sportontwikkeling**
**Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko**
**Dept. van Onderwys en Sportontwikkeling**
**Dept. of Education and Sport Development**
**NOORDWESPROVINSIE**

# GRAAD 11

# AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

## JUNIE- EKSAMEN

## VRAESTEL 1

## 05 JUNIE 2017

**PUNTE : 120**

**TYD : 3 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye**

# AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

## VRAESTEL 1

**DATUM:** 05 JUNIE 2017 **GRAAD:** 11
**TYD:** 3 UUR **TOTAAL:** 120

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**
Hierdie vraestel bestaan uit **VIER** afdelings.

1. Beantwoord AL die vrae.

| | | | |
|---|---|---|---|
| AFDELING A | Kyk- en Leesbegrip | VRAAG 1 | 30 punte |
| AFDELING B | Opsomming | VRAAG 2 | 10 punte |
| AFDELING C | Taal | VRAAG 3 - 5 | 40 punte |
| AFDELING D | LETTERKUNDE | VRAAG 6 | 40 punte |

2. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.

3. Trek ’n streep na elke afdeling.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Laat ’n reël oop na elke antwoord.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

**Afdeling A: Kyk- en leesbegrip**
**Vraag 1: Leesteks**

Lees die onderstaande stuk en beantwoord die vrae wat volg.

**Teks A**

**Die nuwe Openbare Beskermer (*Public Protector*)**

1. Advokaat Busisiwe Joyce Mkhwebane is deur die President van die Republiek van Suid-Afrika as die nuwe Openbare Beskermer( Public Protector) aangestel. Sy begin amptelik op 16 Oktober 2016 in haar nuwe amp.
2. Sy is in Bethel, Mpumalanga, gebore en in 1988 voltooi sy haar matriek by Mkhephuli Sekondêre skool.
3. Haar kwalifikasies sluit in ŉ B.Prok- en LL.B- grade (*degrees*) wat sy albei van 1989 tot 1994 by die Universiteit van Limpopo verwerf (*obtain*) het. Sy sit haar studies by die Universiteit van Johannesburg voort, waar sy diplomas in koöperatiewe- en belastingreg behaal.
4. Adv. Mkhwebane het twintig jaar ondervinding in verskillende bestuursposisies (*management positions*). Sy het as Direkteur en waarnemende (*acting*) Hoofdirekteur (*Chief Director*) by die Departement van Binnelandse Sake gewerk. Sy het ook as immigrasiebeampte (*immigration official*) by die Suid-Afrikaanse ambassade (*embassy*) in China diens gedoen. Sy het as senior ondersoekbeampte (*investigator*) by die kantoor van die openbare beskermer en as senior navorser (*researcher*) by die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie gewerk.
5. Die kantoor van die openbare beskermer is kragtens (*in terms of*) die grondwet van Suid- Afrika geskep (*established*). Die doel van hierdie kantoor is om klagtes teen regering- agentskappe (agencies) en amptenare te ondersoek. Die openbare beskermer ontvang en ondersoek klagtes van die publiek teen regering- agentskappe en amptenare. Die Kantoor kan ook remediërende stappe aanbeveel en verslae uitreik. Geen persoon of staatsinstelling (*state*) mag met die werksaamhede van die openbare beskermer inmeng nie.
6. Die dienste van die openbare beskermer is gratis (*free*) en beskikbaar tot almal. Waar jy ŉ klag lê, sal jou naam sover as moontlik vertroulik (*confidential*) gehou word.
7. Die openbare beskermer is onafhanklik (*independent*) van die regering en politieke partye en kan die volgende ondersoek:
    - die regering op enige vlak. Dit sluit in die Nasionale en Provinsiale regering, staatsdepartemente (*state departments*) en plaaslike regering (*local government*).
    - enige persoon wat ŉ openbare funksie (*public function*) verrig. Dit sluit in enigeen wat amptelike (*official*) pligte (*duties*) wat ŉ invloed op Suid-Afrikaners het, verrig. Dit kan byvoorbeeld ŉ staatsamptenaar, polisieman of verkiesingsbeampte wees.
    - Maatskappye (*companies*) waar die staat betrokke is, byvoorbeeld Eskom en Telkom.

8. Die openbare beskermer is by magte om sake waar mense onregmatig benadeel is, te ondersoek. Dit kan die volgende insluit:

   - Magsmisbruik (*abuse of power*)
   - Skending van menseregte (*human right violation*)
   - Wanadministrasie (*maladministration*)
   - Onbehoorlike verryking (*improper enrichment*)
   - Onbehoorlike bevoordeling (*improper advantage*)

9. Hoe kan ŉ klag by die openbare beskermer gelê word?

   - Praat direk met die amptenare wat geïmpliseer (*implicated*) word en as dit nie help nie, skryf na hul seniors.
   - Jy kan ook jou parlementslid (member of parliament) Nasionaal of Provinsiaal kontak.
   - As die probleem nie opgelos kan word nie, dan kan jy ŉ voorlegging (*submission*) aan die openbare beskermer maak.

**(Vertaal en vewerk uit Healthy News Edition Aug – Sept 2016)**

1.1 Wie is die nuwe openbare beskermer? (1)

1,2 Deur wie is die openbare beskermer aangestel? (1)

1.3 Wanneer het die openbare beskermer in haar pos begin? (1)

1.4 In watter dorp het die openbare beskermer gematrikuleer? (1)

1.5 In watter provinsie is hierdie dorp? (1)

1.6 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.6) en die letter (A-D) neer.

ŉ Persoon wat B.Prok- en LLB-grade het, is ‘n…

A. prokureur
B. onderwyser
C. verpleegster
D. polisieman

(1)

1.7 Verduidelik waarom die volgende stelling **ONWAAR** is.

Die openbare beskermer het nooit verder gestudeer nie. (1)

1.8 Waarom, dink jy, word die kwalifikasies en ondervinding van die openbare

beskermer gegee? (1)

1.9 Hoeveel jaar ondervinding het die openbare beskermer gehad? (1)

1.10.1 In watter land het die openbare beskermer as 'n immigrasiebeampte gewerk? (1)

1.10.2. Wat is die werk van 'n immigrasiebeampte? (1)

1.11 Waarom is die volgende stelling **ONWAAR**?

Die kantoor van die openbare beskermer is slegs vir private persone gestig. (1)

1.12 Waarom is die kantoor van die openbare beskermer gestig? (1)

1.13 Dink jy dat Suid-Afrika 'n openbare beskermer nodig het? Motiveer jou antwoord (1)

1.14 Watter twee belangrike funksies, volgens paragraaf 5, word deur die kantoor van die openbare beskermer verrig? (2)

1.15 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

Die kantoor van die openbare beskermer is volgens die (parlement/ grondwet) gestig. (1)

1.16 Skryf een woord uit paragraaf 6 neer waaruit ons kan aflei dat daar nie vir die dienste van die openbare beskermer betaal word nie. (1)

1.17 Waarom, dink jy, word die mense wat klagte lê, se name vertroulik gehou? (1)

1.18 Hoe weet ons dat daar nie met die werksaamhede van die openbare beskermer ingemeng word nie. (1)

1.19 Kies die korrekte antwoord wat **NIE** by die volgende pas **NIE**. Skryf net die vraagnommer (1.19) en die letter (A-D) neer.

Die kantoor van die openbare beskermer kan die volgende instellings ondersoek.

A. Nasionale regering
B. Afrika regerings
C. Provinsiale regerings
D. Plaaslike regerings. (1)


1.20 Noem enige twee maniere hoe 'n klag by die openbare beskermer gelê kan word. (2)

1.21. Wat beteken die kantoor van die openbare beskermer vir jou? (1)

**Teks B: Visuele teks**

Bestudeer die teks hieronder en beantwoord die vrae.




1.22 Hoeveel graad 11- leerders kyk na al die verskillende sepies? (1)

1.23 Watter sepie het die meeste kykers? (1)

1.24 Kies die korrekte antwoord tussen hakies

Die graad 11- leerders kyk die minste na (7$^{de}$ laan/Skeem Saam) (1)

1.25 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.25) en die letter (A-D) neer.

Vir watter kanaal moet jy ekstra betaal?

A. DSTV
B. TV 1
C. TV 2
D. ETV (1)

1.26 Waarom, dink jy, het 7de Laan net tien kykers? (1)

1.27 Hoeveel televisie-kanale is op hierdie teks? (1)

**Totaal Afdeling A: (30)**

**Afdeling B: Opsomming**

**Vraag 2**

**Teks C: Veiligheidswenke vir vakansiegangers**

- Som in sewe volsinne op oor veiligheidwenke vir vakansiegangers.
- Skryf die volsinne PUNTSGWYS en in jou eie woorde neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

1. Vakansiegangers is altyd traag om betyds van hul huise te vertrek. Hulle moet onthou om nie te drink en te bestuur wanneer hulle ry nie. Dit is nie goeie gewoontes nie.
2. Vakansiegangers vergeet altyd van voetgangers. Hulle moet op die uitkyk wees vir voetgangers wat in of langs die pad loop en drink.
3. Sekuriteitsmaatskappye vra deesdae te duur om na jou huis te kyk. Dit is altyd beter om iemand te vra om na jou huis te kyk.
4. Patrollies word elke dag gedoen. Rapporteer by die polisie wanneer jy nie by die huis is nie. Dit is ŉ goeie ding om te doen. Dit sal help met die beskerming van jou huis.
5. Baie vakansiegangers besoek altyd plekke wat nie aan hulle bekend is nie. Moet nooit buite ŉ gebou staan wanneer jy vir iemand wag nie. Dit kan gevaarlik wees.
6. Vakansiegangers ken baie min mense in die plekke wat hulle besoek. Maak seker dat jy nooit alleen loop nie. Dit sal verseker dat jy altyd veilig bly.
7. Beweeg altyd in areas wat goed belig is. Misdaad vind altyd in donker plekke plaas. Dit sal help om moontlike gevaar te vermy.

( Vewerk uit Stellalander 25 April 2017.)

.

**Totaal Afdeling B: 10**

## Afdeling C: Taalstrukture en -konvensies

### Vraag 3: Advertensie

### Teks D

Lees en bestudeer die advertensie (Teks D) hieronder en beantwoord die vrae.




**(Kaperjol Graad 9)**

3.1 Waarom is die naam “Die Burger” met groot letters geskryf? (1)

3.2 Wie is die teikengroep (*target group*) van hierdie advertensie? (1)

3.3 Noem een plek waar die aflewering gedoen kan word? (1)

3.4 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.4) en die letter (A-D) neer.

Die Burger is ŉ … se naam.

A tydskrif
B handboek
C koerant
D skryfboek (1)

3.5 Wanneer word die huisaflewering gedoen? (1)

3.6 Watter tyd van die skooljaar is die vakatures (*vacancies*) beskikbaar? (1)

3.7 Watter woord in die advertensie sê vir jou dat die mense dadelik kan bel? (1)

3.8 Hoekom, dink jy, is daar 'n prent van kinders wat fiets ry, op hierdie advertensie.? (1)

3.9 Wie moet, volgens hierdie advertensie, gebel word? (1)

3.10 In watter dorp is die Burger se kantoor? (1)

**[10]**

**Vraag 4: Strokiesprent**

Lees en bestudeer die strokiesprent (Teks E) hieronder en beantwoord die vrae



www.google

4.1 Gee die korrekte **<u>verkleiningsvorm</u>** van die woord tussen hakies.

Die meneer gebruik 'n (beker). (1)

4.2 Kies die korrekte **<u>voorsetsel</u>** tussen hakies.

Die meneer is (in/op) die klaskamer. (1)

4.3 Vorm die korrekte **<u>samestelling</u>** van die woorde tussen hakies.

Die meneer gebruik 'n (proef + buis) om die eksperiment te doen. (1)

4.4 Waarna verwys die ***"WOEM"*** in die middelste raampie? (1)

4.5 Gee die **<u>teenoorgestelde geslag</u>** van die woord tussen hakies.

Die (juffrou) het die eksperiment met die leerders gedoen. (1)

4.6 Kies die korrekte **<u>lidwoord</u>** tussen hakies.

('n/Die) rooi vloeistof is in die eksperiment gebruik. (1)

4.7 Kies die korrekte **<u>voegwoord</u>** tussen hakies.

Die eksperiment het ontplof (sodat/omdat) dit verkeerd gedoen is. (1)

4.8 Gee die **intensiewe vorm** van die woord tussen hakies.

Die vloeistof was (geel). (1)

4.9 Gee die **oortreffende trap** van die woord tussen hakies.

Dit was een van die (groot) eksperimente in die klas. (1)

4.10 Wat noem ons die teken agter die woord ***"WOEM!"***

A. kappie
B. vraagteken
C. uitroepteken
D. aanhalingsteken (1)

**[10]**

**Vraag 5**

5.1 Lees die teks (Teks F) hieronder en beantwoord die vrae.

**Teks F: Leesteks**

**Die man en sy duif**

Eendag was daar ʼn man wat ʼn duif in ʼn kou aangehou het. Dit was ʼn slim duif wat mensetaal kon praat. Maar hy was baie ongelukkig in die kou, want hy wou vry wees. Op ʼn dag moes die man êrens heen gaan. Die duif vra hom toe: "Asseblief, Meneer, as u enige ander duiwe raakloop, sê vir hulle ek stuur groete.

Die man sê hy sal dit doen. Wanneer die duiwe hom sien, maak hulle asof hulle dood is. Toe hy terugkom, vertel hy die duif wat gebeur het. Toe die man die volgende oggend wakker word, sien hy die duif dood in die kou lê.

Hy maak die kou oop, haal die duif uit en gooi hom weg. Maar net toe die duif uit sy hand is, sprei hy sy vlerke uit en vlieg tot by ʼn hoë tak waarop hy gaan sit.

Daarvandaan sê hy: "Dankie, jy is nie meer my meester nie". Die duiwe het my waardevolle raad gegee. Hulle het my gewys hoe ek vry kan wees en die kou kan verlaat".

**(Verwerk uit Kaperjol Graad 9)**

5.1.1 Gee ʼn woord wat **dieselfde betekenis** het as die woord tussen hakies.

Die duif was in 'n (kou). (1)

5.1.2 Gee 'n woord wat die **teenoorgestelde betekenis** het as die woord tussen hakies.

Dit was 'n (dom) duif. (1)

5.1.3 Skryf die sin oor in die **teenwoordige tyd**.

Die man het 'n duif gehad.

(1)

5.1.4 Skryf die sin oor in die **verlede tyd.**

Die duif is slim. (1)

5.1.5 Skryf die volgende sin in die **ontkennende vorm.**

Die man moes êrens heen gaan.
**Begin só**: Die man moes… (2)

5.1.6 Verbind die sinne met die **voegwoord** tussen hakies.

Die duif was ongelukkig. Die duif wou vry wees. (want) (1)

5.1.7 Skryf die sin oor in die **indirekte rede**.

Die duif sê: "Ek stuur groete."
**Begin só**: Die duif sê dat… (1)

5.1.8 Kies die korrekte **voornaamwoord** tussen hakies.

Hy sluit (sy/hom) storie baie mooi af. (1)

5.1.9 Gee die **meervoud** van die woord tussen hakies.

Die (duif) was dood. (1)

5.1.10 Gee die **korrekte vorm** van die woord tussen hakies.

Die duif het nie 'n (goed) eienaar gehad nie. (1)

5.1.11 Vul die korrekte **vraagwoord** in.

---- is die duif se naam? (1)

5.1.12 Skryf die volgende sin in die **toekomende tyd**.

Die man het wakker geword. (1)

5.1.13 Skryf die sin oor in die **lydende vorm**.

Die man haal die duif uit die hok. (1)

5.2 Bestudeer die teks **(Teks G**) hieronder en beantwoord die vrae.



www.google

Kies elke keer die korrekte antwoord tussen hakies.

5.2.1 Pa en Ma is besig om (televisie te kyk / te gesels) (1)

5.2.2 Daar is (twee/drie) stoele in die sitkamer. (1)

5.2.3 Die televisie staan op ŉ (stoel/rak). (1)

5.2.4 Die Pa het ŉ (jas/hemp) aan. (1)

5.2.5 Die Ma se hare is (vas/los) (1)

5.2.6 Pa en Ma is baie (rustig/onrustig) (1)
**[40]**

**Totaal Afdeling C: 40**

Onderwys en Sportontwikkeling
Dept van Onderwys
NOORDWESPROVINSIE

| AFRIKAANS | HT | EAT | TAT |
|---|---|---|---|
| GRAAD | | | 11 |

| ASSESSERINGSTAAK | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

| BESKRYWING | Vraestel 1: Kyk – en leesbegrip, Opsomming & Taalstrukture en -konvensies |
|---|---|

**A PRE MODERERING**

**1 Is die volgende inligting aangedui?**

| INSTANSIE/NAAM VAN SKOOL | | VAK EN VLAK | | GRAAD | | DATUM | | TYDSDUUR | | PUNTE | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ja√ | Nee | Ja√ | Nee | Ja√ | Nee | Ja√ | Nee | Ja√ | Nee | Ja√ | Nee |

**2 Kognitiewe vlakke**

| DENKVLAKKE | 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|---|
| VOORGESKREWE RIGLYN | 40% | 40% | 20% |
| WERKLIKE | **40%** | **40%** | **20%** |

**Kommentaar:** Barrett se taksonomie is haalbaar en dus voldoen aan die vlakke wat vereis word.

3 **Standaard van assesseringstaak:** Die assesseringstaak voldoen aan die standaard vir Graad 11 TAT - leerders

4 **Verskeidenheid en inklusiwiteit:** 'n Verskeidenheid vrae wat al die vereiste kognitiewe vlakke aanspreek, is ingesluit in dié vraestel en sal deur ál die Graad 11 TAT - leerders beantwoord kan word.

**5 Taalgebruik**

| | KOMMENTAAR |
|---|---|
| Geskiktheid vir vlak en graad | Ja |
| Korrekte vakterminologie | Ja |

**6 Assesseringsinstrument**

| MEMORANDUM | √ | RUBRIEK | | KORREKTHEID | Ja√ | Nee |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Indien Nee, veranderinge wat aangebring moet word: | | | | N.v.t. | | |

| MODERATOR | N. Ackerman/M. Dumane | HOEDANIGHEID | Vakadviseur: Afrikaans |
|---|---|---|---|
| HANDTEKENING | *N. Ackerman/* ***M. Dumane*** | DATUM | 15/05/2017 |